Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2022

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MAG ALMAL 'N GESONDE EN GENOTVOLLE FEESSEISOEN GENIET EN VAS BLY GLO IN 'N TOEKOMS WAT GOEIE DINGE INHOU

'n Boodskap van die Uitvoerende Burgemeester, Annelie Rabie

Gegewe die voortslepende stryd om die verspreiding van COVID-19 in toom te hou, was 2021 voorwaar nog 'n uitmergelende jaar. Daar heers steeds onsekerheid oor wat die toekoms vir ons lewensbestaan, vooruitsigte en aspirasies inhou.

Ek hoop van harte dat almal wat in Overstrand woon en al ons besoekers 'n blaaskansie gegun sal word sodat ons 'n bietjie balans kan herwin, kan ontspan en die buitelewe kan geniet. Mits ons COVID-19-protokolle en -regulasies nakom en verantwoordelik optree, is ek seker daarvan dat almal 'n fantastiese vakansie sal kan geniet en na hartelus al die wonderlike aantreklikhede in die Overstrand sal kan verken – des te meer as almal hulle laat inent.

Wat toekomsverwagtinge aanbetref, is daar een ding waaroor ek geen twyfel het nie: Die nuutverkose Raad is gretig en slaggereed om ons visie te verwesenlik, naamlik om bekostigbare, misdaadvrye dorpe te skep wat bevorderlik is vir beide die mens en die natuur. Kortom kom dit neer op my visie van 'n Overstrand vir almal.

Ek is ingenome met alles wat ons reeds in só 'n kort tydjie vermag het. Daar is reeds gesprekke gevoer met diegene wat 'n belang het by kontensieuse kwessies soos bobbejaanbestuur en Schulphoek/Dubai, en individuele sessies is met alle lede van die munisipaliteit se topbestuur gehou. Alle wykskomitees is verkies en aangewys, en vroeg in die nuwe jaar sal 'n openbaredeelnameproses van stapel gestuur word met die oog op die konseptualisering en finalisering van ons geïntegreerde ontwikkelingsplan vir die volgende vyfjaarsiklus.

Aangaande laasgenoemde is ek van mening dat kommunikasie 'n tweerigtingproses is, en daarom doen ek 'n beroep op al ons inwoners om sover as moontlik van elke geleentheid gebruik te maak om hul stem te laat hoor oor alle aspekte wat op die plaaslike owerheid se sake betrekking het. Slegs met julle insette kan ons jul dringendste behoeftes en wense prioritiseer sodat ons dienooreenkomstig kan begroot en beplan.

COVID-19 ten spyt verdien almal die vooruitsig van 'n beter toekoms, en as Raad sal ons ons bes doen om julle nie teleur te stel nie.

Vergun my om ook al ons besoekers hartlik welkom te heet. My wens is dat julle die Overstrand se natuurskoon sal geniet en die gasvryheid van ons mense en sakeondernemings besonder aangenaam sal vind. Ek moet egter maan dat ook besoekers verantwoordelik moet optree en streng by die reëls moet hou aangesien ons verkeers- en wetstoepassingsbeamptes oral op hul hoede gaan wees om te verseker dat almal veilig bly.

My innige medelye met almal wat 'n geliefde in die loop van 2021 aan die dood afgestaan het. Mag julle in hierdie dae daardie goeie, unieke herinneringe herroep en vertroosting vind in die feit dat daardie herinneringe nooit uitgewis sal word nie.

Namens Munisipaliteit Overstrand se Raad en personeel wens ek almal 'n veilige, vredevolle en vreugdevolle Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

NEGE OPEENVOLGENDE SKOON OUDITS VIR OVERSTRAND

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Annalie Rabie, is absoluut verheug oor die munisipaliteit se negende opeenvolgende skoon oudit vir die 2020/21-boekjaar en het haar waardering uitgespreek teenoor die administrasie vir al die harde werk en toewyding wat dit geverg het om hierdie mylpaal te behaal.

Dr. Rabie het ook die personeel aangemoedig om hierdie hoë standaarde te handhaaf en om toegewyd daarna te streef om volgende jaar ook 'n skoon oudit te behaal met die oog op daardie perfekte 10.

'n Munisipaliteit se ouditresultate word onderskraag deur die versekering wat deur die munisipaliteit se bestuur sowel as diegene belas met regeringsbestuur verleen word. Goeie regeringsbestuur kom neer op die konsekwente ontwikkeling en implementering van gesonde en doeltreffende beleide en prosedures wat onderskraag word deur 'n gevestigde span se toepassing van die nodige interne finansiële maatreëls.

In sy verslag spreek die ouditeur-generaal sy tevredenheid uit met die wyse waarop die munisipaliteite sy sake behartig het en met die wyse waarop hy konsekwent beste praktyke ten opsigte van regeringsbestuur en finansiële bestuursbeheer toegepas het, met inbegrip van die nakoming van verwante wetgewing. Voorts is geen wesentlike bevindinge ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte uitgespreek nie.

"Gegrond op 'n geskiedenis van een skoon oudit na die ander, kan ons nou met sekerheid sê dat die integriteit van ons sakeprosesse oor baie jare heen gevalideer is. Ons gaan steeds in die uitbou van vaardighede belê en, te danke aan daardie vermoëns en 'n stabiele omgewing, kan ons die verwagting koester dat skoon oudits omgeskakel sal word in verbeterde dienslewering en 'n soliede basis vir bestaande sowel as potensiële beleggers sal skep met die oog op die verbreding van geleenthede in die Overstrand," het die Burgemeester gesê.

Die munisipale bestuurder, Dean O'Neill, stem volmondig met die Burgemeester saam en het weer eens beklemtoon hoe belangrik dit is om te verseker dat goeie ouditresultate neerslag vind in die lewering van dienste in alle areas binne die munisipaliteit se jurisdiksie, in die besonder minder gegoede gemeenskappe en dié met gebrekkige dienslewering. Hy het ook sy dank uitgespreek teenoor die politieke en administratiewe leierskap sowel as die personeel wat bygedra het tot die goeie ouditresultate.

RAPPORTEER DIENSLEWERINGSFOUTE

Enige probleme met of kwessies verwant aan munisipale dienste, soos 'n straatlig wat nie werk nie, moet asseblief dadelik gerapporteer word.

Moenie wag dat iemand anders die probleem rapporteer nie; doen dit sommer self.

Onthou om vir 'n verwysingsnommer te vra. Verwys telkens in enige daaropvolgende korrespondensie of telefoonoproep na hierdie nommer aangesien dit betrekking het op 'n spesifieke versoek/gerapporteerde fout en dit makliker maak vir beide partye om tred te hou met vordering.

In 'n poging om aandag te skenk aan herstelwerk en versoeke wat oënskynlik agterweë gebly het, is daar bevind dat die gerapporteerde inligting dikwels verkeerd is en/of nie spesifiek sê wat die probleem is nie. Nog 'n kwessie is dat wanneer foute/probleme via e-pos aangemeld word, die rapporteerder nalaat om 'n kontaknaam- en telefoonnommer te verskaf.

Om 'n vinnige reaksie te verseker, sluit asseblief die volgende in:

- Besonderhede van die probleem;
- Fisiese adres;
- Naaste straathoek in die geval van 'n foutiewe straatlig; en
- Kontaknaam en -telefoonnommer

Let ook asseblief daarop dat sosiale media en kletsgroepe nie gemoniteer word nie. Gevolglik sal daar nie gereageer word op enige foute wat op hierdie mediums gerapporteer word nie.

Om 'n dienslewerings fout te rapporteer, stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za of bel die betrokke administrasie by een van die volgende nommers:

- **Hermanus: 028 313 8000 of 028 316 2630**
- **Kleinmond: 028 271 8404 of 028 271 8484**
- **Gansbaai: 028 384 8300 of 028 384 8358**
- **Stanford: 028 341 8500 of 028 341 8376**

Enige fout wat buite normale werksure opduik, moet gerapporteer word aan die 24-uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111.

Verkeersoortreders wees gewaarsku: GEWYSIGDE AARTO GELD NOU IN OVERSTRAND

OVERSTRAND SE SENIOR VERKEERSBEAMPTES GERAT OM NUWE AARTO-REGULASIES TOE TE PAS. Voor is (van l-r) Liezl Hanekom; Yvienne Smith; Overstrand se streeksinspekteur vir opleiding, ontwikkeling en projekte Zingani Tshefu; Ralmon Hansen; en die Verkeerskollege se moderator Cecil Nyman. Agter is Buks Minnie, Louis du Plessis, Phillip de Gruchy en Heini Jakobs.

Die Wysigingswet op die Administratiewe Beregtiging van Verkeersmisdrywe (AARTO) het ten doel om gewoonte-verkeersoortreders op te spoor en hulle van ons paaie te verwyder. Hierdie wet lei nie net 'n strafpuntstelsel in nie maar bepaal ook dat padverkeersmisdrywe in die toekoms nie ooreenkomstig die Strafproseswet vervolg en aan gelyklopende regspleging deur howe oorgelaat sal word nie, maar oorgedra word na 'n administratiewe prosesgedrewe stelsel wat deur die Agentskap vir Padverkeermisdrywe (RTIA) hanteer word.

Ernstige oortredings, met inbegrip van bestuur onder die invloed van drank/dwelms en roekelose en nalatige bestuur, sal steeds strafregtelik vervolg word, maar in die toekoms word 'n vermeende oortreder skuldig geag totdat hy/sy die teendeel kan bewys.

Ter voorbereiding van die invoer van die nuwe regulasies wat ingevolge die gewysigde AARTO afgekondig is, was Overstrand se sewe senior verkeersbeamptes die eerstes om strawwe opleiding te deurloop in, onder andere, die administratiewe prosedures verwant aan die wet sowel as die toepassing van die strafpuntstelsel. Kort daarna het al die ander verkeersbeamptes in Overstrand dieselfde modules deurloop en is nou gerat om met ingang 1 Januarie 2022 die nuwe wet toe te pas.

Let daarop dat ooreenkomstig die strafpuntstelsel 'n rybewys en/of professionele bestuurspermit en 'n voertuig se registrasie voortaan opgeskort of selfs gekanselleer kan word. Dit is dus in almal se belang om nie verkeersoortredings aan te gaan nie en om te verseker dat voertuie altyd padwaardig is. Dit geld veral vir diegene wie se lewensbestaan afhang van die vervoer van goedere of passasiers.

OVERSTRAND EERSTE OM NUWE GENERASIE WYKSKOMITEES TE VORM

Ten tyde van 'n vergadering van die Provinsiale Forum vir Openbare Deelname wat op 3 Desember 2021 in Mosselbaai gehou is, is aangekondig dat Munisipaliteit Overstrand die eerste munisipaliteit in die land was om ná afloop van die plaaslike regeringsverkiesings in 2021 sy nuwe generasie wyskomitees te vorm.

Wyskomiteeverkiesings is vanaf 15 – 18 November gehou en het plaasgevind by 21 stemlokale binne die munisipaliteit se 14 afgebakende wyke.

In totaal het 5 956 geregistreerde kiesers deelgeneem met 'n gemiddelde opkoms van 426 kiesers per wyk. Dit kom neer op 'n opkoms van 10% van alle geregistreerde kiesers (59,979) soos per die OVK se kieserslys.

Met betrekking tot die verkiesing van die nuwe generasie wykskomitees, betuig Munisipaliteit Overstrand se administrasie sy dank teenoor:

- die Uitvoerende Burgemeester en raadslede vir hul leierskap, betrokkenheid en ondersteuning;
- die Overstrand-gemeenskap en, in die besonder, die kiesers wat grotendeels tot die sukses van die verkiesings bygedra het; en
- die amptenare wat voor en tydens die verkiesingsproses die logistieke en administratiewe reëlings behartig het.

'N SEISOEN VAN OORVLOED WAG OP EETPLEKKE

Munisipaliteit Overstrand gaan restaurante toelaat om die sypaadjies neffens hul eiendomme vir buitesitplek te gebruik sodat eetplekke gedurende die feestyd flink sake kan doen omdat hulle restaurantgangers veilig sal kan akkommodeer.

Toestemming is ook verleen om op sekere dae en op tye wanneer voetverkeer druk is dele van strate te sluit. Hierdie vergunnings is in belang van ons restaurante en hul kliënte verleen, en dieselfde toestemming sal ook vir die 2022 Paas- en Desember-vakansie geld.

Restaurateurs in die omliggende dorpe in Overstrand is welkom om die onderskeie plaaslike administrasies of wyksraadslede te kontak om soortgelyke reëlings te tref.

Ons vertrou dat dit restaurante sal toelaat om hul bedrywe op 'n verantwoordelike wyse te beoefen deur sitplek buite toe te laat sodat meer kliënte geakkommodeer kan word sonder om enige van die COVID-regulasies te oortree. Overstrand se Raad wens restaurateurs 'n veilige en oorvloedige seisoen toe.

WEES BOBBEJAANBEDAG

In 'n poging om bewustheid rondom afvalbestuur te verhoog in areas waar bobbejane 'n probleem is, het Munisipaliteit Overstrand 'n veldtog van stapel gestuur wat op vakansiegangers en besoekers gerig is.

Veertjievlae by aflaaipunte en plakkate teen lamppale sal besoekers daaraan herinner om bobbejaanbedag te wees en te dink voordat hulle afval goedsmoeds stort.

Verantwoordelike hantering van afval deur bedag te wees op die bobbejane is 'n voor die hand liggende manier om deel te word van die oplossing en tegelyk die natuur en jou gesin se gesondheid en welstand te beveilig.

Verhuringsagente en huiseienaars wat hul eiendomme gedurende die vakansieseisoen verhuur, laat dikwels na om nuwe intrekkers en besoekers bedag te maak op die feit dat bobbejane lastig kan wees.

Hierdie veldtog sal hulle daaraan herinner dat slegs een rolvullishouer wat met bobbejaanbestande sluitmeganisme beveilig is in geïdentifiseerde probleemdier-areas gebruik mag word en dat geen swart sakke onder enige omstandighede op sypaadjies gelaat mag word nie.

Alfred Phunguphungu (links voor), George Hendricks, Quinton Pletschke (links agter) en Gerol Braaf by die mini-aflaaipunt in Voëlklip

Rudolph Hansen (geel T-hemp) en Amos Andries doen hulle deel om besoekers en vakansiegangers daaraan te herinner om ***bobbejaanbedag*** te wees.

BLOUVLAGSEISOEN

In Overstrand het die 2021/2022-blouvlagseisoen amptelik afgeskop toe die Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, die eerste van hierdie vlae op Woensdag 1 Desember 2021 op Grotto gehys het.

Benewens Grotto, is Blouvlagstatus ook toegeken aan Hawston, Kleinmond en Castle Beach. Op die koop toe gaan die Blou Vlag vanjaar vir die eerste keer by Onrus wapper.

Blouvlagstatus word internasionaal hoog geag as 'n toekenning wat daarop dui dat 'n strand nie net veilig en asemrowend is nie, maar dat dit ook op 'n omgewingsvriendelike en maatskaplikverantwoordelike wyse bestuur word.

Akkreditasie geld slegs vir een seisoen, en munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernieu. Voorts moet watermonsters met gereelde tussenpose geneem en deur onafhanklike laboratoriums getoets word.

As daar bevind word dat toestande by 'n strand versleg het, kan daardie strand se Blouvlagstatus herroep word.

Gegewe dat verskeie van Overstrand se strande daarin geslaag het om hul Blouvlagstatus jaar na jaar te behou, het Burgemeester Rabie 'n spesiale woord van dank gerig aan alle betrokkenes sowel as die borge wat hierdie veldtog ondersteun.

"'n Wapperende Blou Vlag is 'n teken dat ons strande oop, veilig en beskerm is," het die Burgemeester gesê, en bygevoeg dat sy almal bedank wat tot die behoud van hierdie status bygedra het.

"Ongelukkig, ongeag die moeite wat ons doen om seker te maak dat almal 'n veilige en aangename vakansie kan geniet, rus die onus steeds op besoekers aan ons strande om verantwoordelik op te tree: Moenie swem waar lewensredders nie aan diens is nie, volg die lewensredders se instruksies en tree bedagsaam op teenoor diegene wat saam met jou op die strand wil uitspan," het sy gemaan.

In Suid-Afrika word Blouvlagstrande meestal gedurende die Desember/Januarie-vakansieseisoen bedryf. Vir die duur van hierdie seisoen sal lewensredders van 09:00 tot 18:00 aan diens wees en word sekere aktiwiteite, soos om met honde langs strande te stap, verbied.

In Overstrand geld Blouvlagstatus vanaf 1 Desember 2021 tot 16 Januarie 2022 vir Onrus, Hawston, Kleinmond en Castle Beach en tot 31 Maart 2022 vir Grotto.